# Tel van die *`omer*

Die Vasgestelde Tye van *YAH*, of *Elohim* se Feeste, waarvan ons leer in *Vayiqra* 23, bestaan uit drie feesseisoene, naamlik *Pesach*, *Shavu'ot* en *Sucot*. Terwyl ons genoeg artikels het wat elke fees in fyn besonderhede beskryf en sommige dit al fisies saam met ons herdenk het, wil ons met hierdie artikel onsself toespits op die tel van die *`omer*, iets wat in Skrif beveel word. Die tel van die *`omer* is nie noodwendig 'n fees nie, maar verbind wel die feeste van *Pesach* en *Shavu'ot* met mekaar, byna soos om uit *Mitzrayim* tot by *Sinai* te stap.

Die eerste feesseisoen van *Pesach* bestaan uit drie verskillende feeste: *Pesach*, Ongesuurde Brood en Eerste Vrugte. Laasgenoemde gebeur op dag een (sondag) van die nuwe week na *Pesach*, gedurende die weeklange fees van ongesuurde brood en staan ook bekend as die Waaioffer. Vanaf die fees van Eerste Vrugte of die Waaioffer, begin die tel van die *`omer*, 49 dae van voorbereiding vir die fees van *Shavu'ot* op die vyftigste dag. Hierdie 49 dae staan algemeen bekend as die tel van die *`omer* (Hebreeus: *se-fi-Rat ha-`o-Mer*) en dit is 'n opdrag van *YAH*:

> *Vayiqra* 23 [9]יהוה het met *Mosheh* gepraat en gesê: [10]"Praat met die seuns van *Yisra'el* en sê vir hulle: 'Wanneer julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrengs oes, moet julle 'n gerf van die eerste vrugte van julle oes na die priester bring. [11]Hy moet die gerf voor die Teenwoordigheid van יהוה waai, om vir julle aanvaar te word; op die dag ná die *Shabbat* moet die priester dit waai. [12]Die dag waarop julle die gerf waai, moet julle 'n lam in sy eerste jaar, sonder gebrek offer as brandoffer tot יהוה [13]Sy graanoffer daarmee saam, moet twee tiendes van 'n *efah* fyn meel wees met olie gemeng, as 'n offer, deur vuur, gebring tot יהוה, 'n aangename geur en sy drankoffer moet 'n kwart *hin* wyn wees. [14]Julle mag geen brood of gebraaide graan of vars graan eet nie tot op daardie selfde dag dat julle die offer tot julle *Elohim* bring. Dit is 'n ewige instelling vir al julle geslagte, oral waar julle bly. [15]Julle moet tel van die dag ná die *Shabbat*, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, sewe *Shabbatte* moet voltooi wees; [16]tot die dag ná die sewende *Shabbat* moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe graanoffer tot יהוה bring.

Soos vroeër genoem, begin die tel van die *`omer* op die dag van die Fees van die Eerstelingsgerf (Waaioffer, Eerste Vrugte), die dag waarop die eerste gerf van die nuwe oes voor *YAH* gewaai word. Dit is dieselfde dag waarop *Yeshua* homself voor *YAH* gaan toon het om aanvaar te word as volmaakte offer. Dag een van die tel van die *`omer* is dus die dag wanneer die gerf van die waaioffer (beweegoffer) voor *YAH* gebring was (*Vayiqra* 23:15)[1]. Hierdie gebeur egter reg aan die begin van die eerste dag, dus kort na sononder, in terme van die Gregoriese kalender op saterdagaand. Ons word nêrens in Skrif gesê waarom ons moet tel nie, maar slegs dat ons moet tel. Dit is weereens een van daardie opdragte van *YAH* waarvoor Hy nie 'n spesifieke rede gee nie, maar wat op een of ander wyse gewig dra en ons dit as sulks aanvaar.

Die gerf van die Waaioffer word in Hebreeus genoem die עֹמֶר (*ô-Mêr)* en beteken gewoon 'n droë volume van ongeveer 'n tiende van 'n אֵיפָה (*Ê-fah*), 'n raps minder as 2 liter. Dit kan ook bloot 'n

1 Daar is redelike meningsverskil oor wanneer die tel van die *`omer* begin omdat daar 'n meningsverskil is oor wanneer die Fees van Eerste Vrugte (Waaioffer) herdenk moet word. Volgens Rabbynse Judaïsme is die Fees van Eerste Vrugte op die dag na die feestelike *Shabbat* van die Fees van Ongesuurde Brood, naamlik 16 *Aviv* en daarom begin hulle die tel van die *`omer* altyd op 16 *Aviv*. Volgens die Sadduseërs en Karaïete is die Fees van Eerste Vrugte op die eerste dag na die weeklikse *Shabbat* van die week waarin *Pesach* herdenk word. Aangesien die tel van die *`omer* op die dag van die Fees van Eerste Vrugte begin, beteken dit daar ook 'n verskil bestaan oor die datum waarop *Shavu'ot* herdenk word.

gerf beteken. Die *`omer* tydens die Fees van Eerste Vrugte was gars wat in die *aviv*-stadium van rypwording was. Indien die gars nie in die *aviv*-stadium van rypwording was nie, sou die waaioffer slegs 'n bondel groen (onryp) garshalms wees wat nie geskik was om te eet nie. Meer inligting oor *Aviv en die Maankalender*, asook wat *Aviv* beteken, is beskikbaar in die artikel "YAH se Kalender" wat tans hersien en binnekort op die webblad geplaas sal word. Die geestelike betekenis wat ons hierin sien, is dat jy en ek ontvanklik moet wees vir Vader se Woord. Ons kan nie 'onryp' wees nie, maar moet met ywer daardie Woord ons eie maak sodat ons dit ook kan verkondig en versprei.

Terwyl gars die eerste van die graanoeste was en gebruik is tydens *Pesach*, het koring uitgestaan as offer gedurende die volgende fees, wat op *Shavu'ot* (Pinksterfees), gebring was. Die drankoffer wat daarmee saam sou gaan, is 'n kwart-*hin* wyn, ongeveer 1,5 liter (1 *hin* is ongeveer 6 liter).

## Hoekom die tel van die *`omer*?

Soos hier bo genoem, gee Skrif geen verduideliking hoekom die dae vanaf *Pesach* tot en met *Shavu'ot* getel moet word nie. Ons is egter almal van kleintyd af bekend met die tel van dae tot en met 'n belangrike gebeurtenis of afspraak. Hierdie tel van die dae gaan gepaard met 'n opgewondenheid en verwagting. Dikwels behels dit ook voorbereiding vir die geleentheid wat voorlê. In hierdie lig moet die tel van die *`omer* gesien word as die aftel van dae tot die volgende afspraak met *YAH*.

Ons kan die tel van die *`omer* beskou as 'n reis van 49 dae van selfondersoek. Dit is 'n voorbereidingsproses in afwagting vir die seën van *Shavu'ot*. Ons tel die *`omer* met opgewondenheid en 'n verwagting vir die aanbreek van *Shavu'ot*! Ons sien:

> Handelinge 1 [4]Terwyl Hy saam met hulle brood geëet het, het Hy hulle beveel om nie van *Yerushalayim* af weg te gaan nie, maar om: "Te wag op die belofte van die Vader, wat julle van My gehoor het, [5]want *Yochanan* het met water gedoop, maar julle sal, nie baie dae hierna nie, gedoop word met die Gees wat Afgesonderd is." [6]Toe hulle saam met Hom was, vra hulle vir Hom en sê: "Ons Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van *Yisra'el* herstel?" [7]Hy antwoord hulle: "Dit is nie vir julle om die vasgestelde tye te ken wat die Vader deur Sy eie Outoriteit bepaal het nie, [8]maar wanneer die Gees wat Afgesonderd is oor julle kom sal julle krag ontvang en julle sal My getuies wees in *Yerushalayim* en in die hele *Y'hudah* en ook in *Shomron* en tot by die grense van die aarde."

Die tel van die *`omer* kan ook beskou word as 'n tyd van *t'shuvah,* wat beteken terugkeer of omdraai. *T'shuvah* is om terug te keer na *Torah*, naamlik na *YAH* se liefdevolle onderrig vir 'n lewe vry van sondeskuld in *Yeshua*, Die Gesalfde Een. Dit is om met berou en verootmoediging "terug te keer" nadat selfondersoek gedoen is van jou geestelike welstand en jou verhouding met *YAH* Te herstel.

Die 49 dae van tel van die *`omer* en die 40 dae *t'shuvah* voor *Yom Kipur* is beide 'n tydperk van voorbereiding om *YAH* te ontmoet. Albei is om *t'shuvah* te doen. Die verskil is egter die volgende: *t'shuvah* tydens die tel van die *`omer* word gedoen uit liefde en dankbaarheid, terwyl *t'shuvah* tydens die 40 dae voor *Yom Kipur* gemotiveer word deur 'n element van respekvolle vrees. Tydens die tel van die *`omer* doen ons *t'shuvah* in voorbereiding van en afwagting vir 'n 'geskenk', naamlik *Torah* van een of ander aard, asook die Afgesonderde Gees, wat ons op *Shavu'ot* gaan ontvang, iets wat na regte alreeds ontvang is maar nou herdenk word. Die 40 dae van *t'shuvah* voor *Yom Kipur* is egter in voorbereiding en afwagting van *YAH* se oordeel op hierdie dag. Die eerste word uit liefde gedoen en die tweede grootliks uit respekvolle vrees.

Die tel van die `*omer* is die selfondersoek en voorbereiding om weer soos *Yisra'el* van ouds by *Sinai* te staan en opnuut *YAH* se *Torah* in ons harte en verstand te ontvang. Saam met *Torah* ontvang ons die Gees van *YAH* wat ons krag is om volgens *YAH* se onderrig en instruksies te lewe. Die tel van die `*omer* is dus 'n geleentheid vir elkeen om sy geestelike huis in orde te kry en seker te maak dat ons liggaam 'n geskikte woning is vir *YAH*!

Ons sien:

> Hebreërs 8 [10]"Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van *Yisra'el*," sê יהוה: "Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n *Elohim* wees en hulle sal vir My 'n volk wees.

Dan ook:

> *Yochanan* 14 [16]Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid.

Laastens:

> *Yochanan* 14 [26]maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Die 40 dae van *t'shuvah* tot en met *Yom Kipur* is, in teenstelling, die selfondersoek en voorbereiding om voor *YAH* te staan as *Torah*-gehoorsame volgelinge van *Yeshua*. Dit is 'n geleentheid vir elkeen om seker te maak dat sy geestelike huis in orde is voor die oordeel van *YAH* aanbreek.

Ons sien:

> *Mattityahu* 25 [21]...en sy meester sê vir hom: 'Goed so, goeie en betroubare slaaf, oor 'n bietjie was jy betroubaar, oor baie sal ek jou aanstel. Gaan in, in die vreugde van jou meester.'

Iets wat ons ook nooit uit die oog moet verloor nie, is dat die volk vir veertig jaar lank *man* geëet het, iets wat hulle vir die eerste ses dae van elke week moes gaan optel:

> *Sh'mot* 16 [14]Nadat die laag dou opgetrek het, het daar oor die wildernis iets gelê wat fyn en korrelrig was, so fyn soos ryp op die grond. [15]Toe die seuns van *Yisra'el* dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit? (*man hu*?)", want hulle het nie geweet wat dit was nie. *Mosheh* sê vir hulle: "Dit is die brood wat יהוה vir julle gee as kos. [16]Dit is wat יהוה beveel het: 'Laat elke man kos bymekaarmaak vir elke mond, 'n `*omer* vir elke kop, laat elkeen vat volgens die mense in sy tent'." [17]Die seuns van *Yisra'el* het so gedoen: hulle het bymekaargemaak, sommige meer, ander minder, [18]maar toe hulle dit met die `*omer* meet, het hy wat baie bymekaargemaak het, niks oorgehad nie en hy wat min bymekaargemaak het, nie te min gehad nie. Elkeen na sy behoefte het hulle bymekaargemaak.

Vir elke persoon moes 'n `*omer* bymekaargemaak word, maar ongeag of daar meer of minder bymekaargemaak is, het almal genoeg gehad. Ons leer hieruit dat 'n `*omer* presies genoeg is om in ons daaglikse behoeftes te voorsien, soos *Yeshua* ons geleer het:

> *Mattityahu* 6 [11]Gee ons die brood wat ons vandag nodig het.

Soos die *man* daagliks in die wildernis voorsien is, verlang *YAH* dat ons in vertroue sal lewe om daagliks deur Hom voorsien te word in ons behoeftes. Die tipe brood wat destyds in die ANO gebak is moes op dieselfde dag geëet word, anders sou dit die volgende dag hard en onbruikbaar wees. Ons vertrou dat *YAH* elke dag sal voorsien in wat ons nodig het, iets wat op sig self 'n wonderlike seën is. Dit is ook hoe ons die `*omer* kan beskou: 'n seën met iets wat net genoeg is. Ons kan dus

hierdie versugting tot *YAH* lees as "gee ons net genoeg brood wat ons vandag nodig het, want dit wat oorbly, gaan môre nie meer eetbaar wees nie". Een kommentator[2] gee dit op 'n ander manier weer:

> "Give us the necessary strength so that life's trials do not become for us occasions of spiritual temptations,"

Ons sien die woord 'brood' egter ook as iets letterlik, of as die Woord van *Elohim* (*cf. Mattityahu* 4:4; *Luka* 4:4), ook as *Yeshua*, die lewende Woord (*cf. Yochanan* 6:41, 48, 51, 55) en laastens kan dit vergelyk word met die messiaanse feesmaal (*cf. Luka* 14:15). Ongeag watter simboliek ons hieraan koppel, is dit wat *YAH* daagliks vir ons gee, genoeg om ons te onderhou. Dit beteken egter nie dat ons alles vir onsself moet gebruik nie, maar dat ons, net soos die *talmidim* van ouds, mededeelsaam sal wees in dit wat ons het:

> Handelinge 2 [46]Voortdurend, dag vir dag, het hulle een van gees, ernstig aangehou in die tempel, van huis tot huis brood gebreek en hulle kos in vreugde ontvang en in eenvoudigheid van verstand, wil en emosie, geniet

Daardie *`omer* wat ons elke dag optel, die 'genoeg' waarmee *YAH* ons seën, moet met ander gedeel word, indien nodig. Weereens, net soos in die geval hier bo, hoef dit nie net fisiese brood te wees nie, maar moet ons ook ons getuienis met ander deel – iets wat soms meer nodig is vir ander as net 'n bord kos.

## Wat het op *Shavu'ot* gebeur?

In die lig van *Vayiqra* 23:9-16 kan ons met sekerheid aanvaar dat die *talmidim* as *Torah*-gehoorsame volgelinge van *Yeshua* ook die *`omer* getel het. Juis hiervoor het *Yeshua* se volgelinge op *Shavu'ot*, in gehoorsaamheid aan Hom, bymekaar gekom om hierdie vasgestelde tyd van *YAH* te herdenk. As Hebreërs (Jode/*Y'hudim*) wat goed in *Torah* onderrig was, het hulle geweet wat op *Shavu'ot* herdenk word, naamlik die gee van *Torah* (die wet – *YAH* se onderrig en instruksies) aan hulle voorgeslagte by die berg *Sinai*. Hierdie gebeurtenis was so belangrik dat die dae vanaf die herdenking van hulle bevryding uit *Mitzrayim* (*Pesach*) tot *Shavu'ot* (die herdenking van die gee van die *Torah*) getel was. Ons moet in gedagte hou dat die Hebreeuse (Joodse/*Y'hudi*) volk geweldig verknog is aan hul geskiedenis en erfnis – eintlik tot vervelens toe!

Kom ons gaan loer in wat egter gebeur het op die eerste *Shavu'ot* na *Yeshua* se hemelvaart. Terwyl hulle besig was om *Shavu'ot* (die gee van *Torah*) te herdenk het *YAH* hulle met Sy Gees gevul (gedoop), naamlik die krag om gehoorsaam te wees aan Sy *Torah* soos dit vervul is in *Yeshua*, ons Meester. *YAH* het Sy belofte waar gemaak:

> *Yirmeyahu* 31 [33]Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van *Yisra'el* sal sluit," verklaar יהוה: "Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle *Elohim* wees en hulle sal My volk wees. [34]Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: 'Ken יהוה,' want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle," verklaar יהוה, "want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie."

Die Vleesgeworde Woord van *YAH*, *Yeshua*, was gegee aan die *talmidim* op 'n unieke wyse, naamlik deur dit in elkeen se verstand, wil en emosie te gee en op elkeen se hart te skryf sodat elkeen van hulle *YAH* waarlik kan ken (*cf. Yirmeyahu* 31:31-34). Dit was nie meer woorde – *YAH* se *Torah* – op klip nie, maar nou was dit ook die Woorde (die *Torah*) van *YAH* se krag (Hebreërs 1:3) in hulle

2 Tyndale *Commentary on Matthew*, p. 74

binneste. Hierdie Gees-geskrewe Woorde van *YAH* was nou deel van hulle verstandelike vermoë en deel van hulle hartsbegeerte. Dit was nou 'n innerlike krag wat uiterlik sigbaar geword het deur woorde en dade (tekens en wonders).

*Pesach* is die herdenking van die begin van ons vryheid, noem dit 'wedergeboorte'. *Shavu'ot* is die herdenking van ons Geesgegewe vermoë om as bevrydes te lewe volgens *YAH* se *Torah*, Sy liefdevolle onderrig en instruksies, soos dit in *Yeshua* vervul is en in die hernude verbond (Apostoliese Geskrifte) uiteengesit word! Ons kan dan ook die dae met afwagting tel tot *Shavu'ot*, want hierdie afspraak met die Vader sal 'n bevestiging en vernuwing wees van Sy belofte van die gebeure van *Shavu'ot*.

Ons kan nie stilstaan by die doop van bekering (*Pesach*) nie, maar ons moet aanbeweeg na die doop deur *Yeshua* met die Afgesonderde Gees en met vuur (*cf*. *Mattityahu* 3:11). Hierdie doop is *YAH* se krag tot gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies vir 'n leefwyse van onpartydige opregtheid en van tekens en wonders wat sal volg!

Sonder *Torah* kan daar geen ware vryheid wees nie omdat *Yeshua* dit volledig vervul het, en sonder die Afgesonderde Gees sal *Torah* net die dooie letter van die wet wees. Die Afgesonderde Gees is uitgestort om ons in die spore van onpartydige opregtheid te lei (*cf. Mizmor* 23:3) en is ons krag tot gehoorsaamheid aan al ons Vader se onderrig en instruksies. As *talmidim* van *Yeshua* (volgelinge, studentevolgelinge) moet ons onthou dat tekens, wonders en gehoorsaamheid hand aan hand loop! *YAH* het dit alles moontlik gemaak op *Shavu'ot*.

## Hoe word die *`omer* getel?

Net soos met die seder van *Pesach*, word daar nie in Skrif voorgeskryf hoe die tel van *`omer* sal geskied nie. Deur die jare het dit gebruik geword dat sekere Skrifgedeeltes voorgelees word om ons bewus te maak van seëninge wat *YAH* elke dag by ons lewens voeg. Dit is dus gepas om daagliks tydens die tel van die *`omer* ondermeer *Mizmor* 119 te lees en te bepeins, want hierdie is 'n lofgedig oor die heerlikheid, goedheid en wonders van *Torah*. Dit is in werklikheid 'n opsomming van *Torah*. Vele anderSkrifgedeeltes is ook beskikbaar op aanvraag.

Wees gerus, ons gaan nie die hele gedig eenmalig lees nie, maar dit word opgebreek in "daaglikse brood" – klein happies vir elke dag. Daarna volg ander gedigte van lofprysing aan *YAH* en Sy voorsiening ook in smulhappie groottes! Dit is egter toepaslik om ook persoonlike dank aan *YAH* te betuig en om dit makliker te maak het baie mense deur die jare verskillende seënbede voorgestel. Ons gaan derhalwe een voorbeeld hier gee sodat elke persoon dit letterlik so kan gebruik, of dat dit kan dien as grondslag vir iets meer persoonlik.

Soos ons gebruiklik die wyn en brood seën tydens die aanbreek van *Shabbat*, gebruik ons 'n soortgelyke seën voordat ons die voorgeskrewe teksgedeeltes voorlees:

> Geseënd is U, *YAH* ons *Elohim*, Skepper van die heelal, wat ons afsonder in liefde en ons die opdrag gegee het om die *`omer* te tel.

Na die seën word die dag genoem:

> Hierdie is dag een van die *`omer*.

Ons word beveel om dit vir sewe weke (*Shabbatte*) te tel (*cf. Vayiqra* 23:15-16), dus wanneer ons by die agste dag kom, verander die rympie effens:

> Hierdie is dag agt, een week en een dag van die *`omer*.

Die volgende dag sal dus wees:

> Hierdie is dag nege, een week en twee dae van die *`omer*.

Week na week sal dit voortgaan en verander, tot en met dag 49. Direk na die aankondiging van die dag, word die teksgedeelte voorgelees en diegene wat daaraan behoefte het, veral wanneer eggenotes en families betrokke is, kan selfs 'n kort bepeinsing oor die betrokke verse doen.




'n Ander manier is om met die sirkelvormige *`omer*teller rekening te hou, diegene wat bevoorreg is om een te hê – sien meegaande illustrasie. Ons verskaf hierdie teller op aanvraag.

Hou in gedagte dat hierdie slegs voorstelle is en geensins op enigiemand afgedwing word nie. Dit maak egter baie sin om te besef hoeveel seën ons van *YAH* ontvang en waarvoor ons vir Hom dankie behoort te sê.

## Slot

*Even more, the `omer count is a pattern – a template – to teach us what we should be doing every day of our lives – "counting the `omer" and developing the traits of Yehovah Elohim's holy Spirit in our lives – every day, day-by-day – until the Messiah, Yeshua, returns for his bride! Each and every day should be an "`omer count" day in our journey to spiritual perfection.* (John D. Keyser. Hope of Israel Ministries; http://www.hope-of-israel.org/)

Baie interessante inligting is beskikbaar by:
https://bible-menorah.jimdofree.com/english/calendar-and-feasts/

Ons wil graag hier noem dat bogenoemd skakel van die standpunt af uitgaan dat 'n nuwe maand begin met die eerste sigbare skrefie. Ons verwerp tans hierdie gedagte omdat dit nêrens in Skrif gevind word nie. Wees oordeelkundig tydens enige ondersoek en maak seker dat enige gedagtes in Skrif bevestig word. Meer inligting is beskikbaar op ons webwerf.

Met baie dank en liefde aan Johan Kriel van Nuwe Lied Bediening wat die grondslag van hierdie dokument gedoen het.